

---

---

# DIE APOSTOLIESE GELOOFSBELYDENIS [3]

No. E267

---

---

## 1.1

### EK GLO IN GOD [b]

#### God se verdere Ou Testamentiese selfopenbaring in sy verbondsnaam, Jahweh

- God se selfopenbaring in Sy verbondsnaam eindig nie met die gee daarvan aan Moses nie. Dit word al hoe ryker soos die Ou Testamentiese geskiedenis vorder.

- As mens eerlik is, moet jy toegee dat die Godsnaam, *Ek is wat ek is*, vreemd op mens se oor val. Waarom kies God spesifiek hiërdie naam om die waarhede waarvoor dit staan, te verteenwoordig? Waarom moet Sy volk Hom "Hy is" noem?

Die res van die Ou Testament werp lig hierop. In Eks 3 kry mens amper die idee dat God doelbewus nie die sin voltooi nie: "Ek is/Hy is .....". Maar elders in die Ou Testament word hierdie sin dan op verskillende en fassinerende maniere voltooi.

- Op talle plekke in die Ou Testament, as daar geskryf word oor God se verbondsgoedheid vir Sy volk, word dit gedoen deur 'n tweede begrip aan Sy verbondsnaam, Jahweh, te heg. So word gesê wat *Hy is* vir Sy gunsgenote is.

- *Jahweh Jireh* : Hy is ... *voorsiening* (Gn 22:14). Dis wat Abraham die plek genoem het waar die Here die offerram in die plek van sy seun Isak voorsien

het. Wat ons ook al regtig mag nodig hê, voorsien Hy. En natuurlik, daaroor kan daar geen twyfel bestaan nie, is hier reeds 'n Ou Testamentiese sinspeling op Christus, die Lam van God, wat in die plek van God se verbondsgeliefdes geslag sou word.

- *Jahweh Rapha* : Hy is ... *genesing* (Eks 15:26). Jahweh maak vir Sy geliefdes werk van die vloeke van die sondeval - in die besonder soos dit in die strawwe oor die Egiptenaars tot uitdrukking gekom het.

- *Jahweh Nissi* : Hy is ... *banier* (Eks 17:15). Jahweh stry die stryd vir Sy gunsgenote. In Hom is hulle oorwinning gewaarborg.

- *Jahweh M'Kadesh* : Hy is ... *heiliging* (Lev 20:8). Jahweh werk heiligend in Sy volk, sodat hulle uiteindelik heilig word soos Hy heilig is.

- *Jahweh Shalom* : Hy is ... *vrede* (Rig 6:24). As die besef van hulle nietigheid, en die gepaardgaande vrese van die Here Sy kinders wil oorweldig, bewerkstellig Jahweh vrede tussen Hom en hulle, en verseker hulle dan ook daarvan.

- *Jahweh Ro-ih* : Hy is ... *Herder* (Ps 23:1). Jahweh lei Sy skape op die pad wat hulle moet loop.

- *Jahweh Tsidkenu* : Hy is ... *geregtigheid* (Jer 23:6). Reeds in Ou Testamentiese tye openbaar Jahweh die heerlike Nuwe Testamentiese waarheid van regverdiging deur die geloof alleen.

- *Jahweh Shammah* : Hy is ... *daar* (Eseg 48:35). Die profesie van Esegïël word op die wonderlikste wyse denkbaar afgesluit met die versekering dat Jahweh tot in alle ewigheid in die midde van Sy geliefde gunsgenote sal woon.

- *Jahweh Sebaoth* : Hy is ... *van die leërskaar* (talle plekke). Terwyl Jahweh baie vyande het, hou nie een van hulle - of hulle gesamentlik - vir Hom

enige bedreiging in nie.

- Gaan ons te ver as ons só hieroor dink? Dis soos 'n getekende blankotjek wat die Here vir Sy uitverkore volk gee. Dis as 't ware asof Hy vir hulle wil sê: vul in wat julle nodig het - wat julle ook al in julle liefdestrou mag vra, sal Ek voorsien. Met hierdie verbonsnaam wil Hy dus vir Sy geliefdes sê: Ek wil persoonlik vir julle alles wees wat julle mag nodig hê. Vertrou My! Ek wil vir julle in die volste sin van die woord 'n God en Vader wees.

- Psalm 81:10-11 is insiggewend: "Daar mag vir julle geen ander god wees nie, julle mag voor geen vreemde god neerbuig nie. Ek is die Here (*Jahweh*) julle God wat julle uit Egipte laat wegtrek het. Wat julle nodig het, sal Ek in oorvloed gee."

Die OAV laat reg geskied aan die kostelike beeld in die oorspronklike taal. Vers 11 sluit so af: "maak jou mond wyd oop, dat Ek dit kan vul." Wat hier geskets word, is klein voëltjies in 'n nes wat hulle bekkies wawyd oop rek wanneer die ma-voël met 'n wurmpie nader kom. So wil die Here hê dat ons met groot vrymoedigheid vanuit Sy oorvloedige versorging moet leef - wat ál ons behoeftes betref.

#### God se uiteindelijke Nuwe Testamentiese selfopenbaring in sy verbondsnaam

- Soos dit met alles in God se openbaringsgeskiedenis gaan, *kulmineer ook hierdie stuk Godsopenbaring in die persoon, verkondiging en werk van Christus*.

- Eksodus 3 wys bes moontlik al in hierdie rigting. In v.2 word gesê dat dit die "Engel van die Here" was wat in die brandende bos aan Moses verskyn het. Baie dikwels dui hierdie uitdrukking in die Ou Testament op *die voorvleeswordingsverskyning van die Woord - van God die Seun*.

- Die proloog tot die evangelie van Johannes is

vol betekenis: "In die begin was die Woord daar, en die Woord was by God, en die Woord was self God" (Jh 1:1). In al drie gevalle is "was" in die Grieks in 'n vorm (die *imperfektum*) wat dui op tydsverloop in die verlede. In die begin was die Woord dus alreeds daar (sien jy die verband met "Ek is wat Ek is"?).

Twee kontraste onderstreep hierdie beklemtoning van Christus se algenoegsame en ewige bestaan nog verder:

- Al die res wat bestaan, het deur Hom tot stand gekom (3). Enersyds gebruik Johannes 'n werkwoord wat spesifiek *wording* of *ontstaan* beteken. En andersyds gebruik hy 'n werkwoordstyd (die *aoristus*) wat op 'n definitiewe gebeurtenis in die verlede dui.

In die begin het die Woord dus reeds bestaan. Maar in dieselfde begin het al die res ontstaan. En dit het deur Hóm ontstaan. Hy is die ongeskape Skepper van alles!

- Voorts word die ewige wese van die Woord gekontrasteer met die gebeurtenis van die vleeswording: "Die Woord het mens geword ..." (14). Weereens, soos hierbo, gebruik Johannes die werkwoord wat *wording* of *ontstaan* beteken. En weereens gebruik hy 'n werkwoordstyd wat op 'n definitiewe gebeurtenis dui. Dus, hoewel die Woord in die begin reeds bestaan het - van ewig af, sonder dat Hy ooit ontstaan het - het Hy op 'n bepaalde punt in die geskiedenis ook mens geword. Hy het gebly wat Hy van ewigheid af was, maar Hy het vir ewig bygekry wat Hy nooit vantevore gehad het nie - naamlik 'n menslike natuur.

- Bogenoemde beteken dat al die heerlijkheid en eer wat by die Naam *Jahweh* bygekome het soos die Ou Testamentiese openbaring gevorder het, ook van toepassing is op die Here Jesus Christus. Die naam, attribute, soewereine prerogatiwiese en werkinge van *Jahweh* geld ook vir Hom.

Dit beteken voorts dat *Jahweh* nie na behore verstaan kan word sonder om lank en intens, en weer en weer, na Jesus Christus te kyk nie. Luister

per slot van rekening hoe Hb 1:3 dit stel: "Uit Hom straal die heerlijkheid van God en Hy is die ewebeeld van die wese van God."

- As mens dan nou deur die Nuwe Testament lees om te sien wat dit in Christus oor *Jahweh* openbaar, val een ding op: wanneer die Here Jesus op Sy duidelikste uitgewys word as die hoogste openbaring van *Jahweh*, gaan dit gepaard met 'n beklemtoning van God se neerbuigende en reddende genade in Hom.

- Johannes 1:14: "Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlijkheid gesien, die heerlijkheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, *vol genade en waarheid*." Ten spyte van Sy vernederde staat in volkome identifisering met die mens, het Jesus ook 'n heerlijkheid gehad wat vir mense om Hom sigbaar was. Maar dis meteen die heerlijkheid van die Vader. En hierdie heerlijkheid is dié van *genade en waarheid*.

- Filippense 2:6-8: "Hy wat in die *gestalte* van God was, het sy bestaan op Godgelyke wyse nie beskou as iets waaraan Hy Hom moes vasklem nie, maar Hy het Homself *verneder* deur die *gestalte* van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word. En toe Hy as mens verskyn het, het Hy Homself verder verneder. Hy was gehoorsaam tot in die dood, ja, die dood aan die kruis."

In die oorspronklike taal dui "gestalte" op die wesensaard van iets. Hierdie duiselingwekkende uitspraak oor die Here Jesus wil dus sê dat Hy voor Sy vleeswording in elke opsig God was - maar dat Hy, ja Hý, Homself verneder het (lett. leeg gemaak het) en nou die *gestalte* van 'n slaaf aangeneem het - ten einde God se genade vir sondaars 'n werklikheid te kom maak.

- Wat sê dit vir ons? Soos waarheid, is genade aan die hart van wie en wat *Jahweh* is. Hy is liefde - maar dis 'n bepaalde soort liefde. Dis 'n liefde wat as genade manifesteer. Dis 'n liefde wat sondaars red - algeheel afhanklike, moedelose, hopelose,

radelose, uitsiglose, goddelose sondaars! Dis dus 'n liefde wat hulle kom optel en uithaal waar hulle is, ongeag wat dit kos. *Dis 'n dienende liefde!*

- Nou moet ons seker maak dat ons nie in hierdie liefde van God iets van 'n swakheid sien nie - 'n verleë wees oor ons nie. Nee! In hierdie liefde sit Sy héérlikheid - Sy glans en majesteit en roem en eer. Dis soos Hy bekend wil wees. Dis wat Hy wil manifesteer - oor en oor en oor tot in ewigheid.

Dis waaroor Sy verlossingsplan gaan. Hy wou uiting gee aan hierdie wesensaard van Hom. Dis waarom dit 'n verlossingsplan is! Hierin lê die paradoksale van die sondeval met al sy verskriklike gevolge. Was dit die grootste tragedie van alle tye? Sekerlik! Maar dit was meteen die noodsaaklike voorspel tot die skouspelagtige oopblom van God se wesensaard - Sy ononderdrukbare liefdesgenade.

O, Hy wil hê Sy skepsele moet Sy liefdesgenade sien en beleef en 'n tienduizend maal weer en weer daaruit put - miljoene van hulle. Hy wil hê ons moet Hom tot in ewigheid daarvoor dank en eer. En Hy wil hê ons moet steeds meer daarvan ervaar, steeds hoër hoogtes daarvan eksplloreer, steeds met groter vrymoedigheid, ondernemingsgees en waagmoed daaruit put.

*Die nederige diensbaarheid van Christus en die Vader se genade in Hom, is die helderste venster waardeur ons sien wie en wat God is. En as Jahweh dan by uitstek God se verbondsnaam is, wil dit beklemtoon dat Sy verbondshandhawing nie in die eerste instansie lê in Sy gestrengte aandrang op ons onwrikbare verbondsgehoorsaamheid nie, maar in Sy toewyding en vreugde om te gee en te bly gee - ook wat ons nodig mag hê om steeds óns verbondsverpligtinge na te kom.*

- Hierop bou die Nuwe Testament voort - spesifiek in die Johannesevangelie.

- By meer as een geleentheid maak die Here Jesus daarop aanspraak dat Hy "Ek is" (Gr. *Ego eimi*) is - dat Hy met ander woorde *Jahweh* is! Waarskynlik het Hy nérens anders Homself in

duideliker en meer radikale terme as God verklaar nie. Die Jode het dit as sodanig herken en dis een van die groot redes waarom hulle Hom van Godslastering beskuldig het.

- As die Samaritaanse vrou 'n versugting uitspreek dat die Messias tog sal kom, sê Jesus vir haar: "Dit is Ek (*Ego eimi*), Ek wat met jou praat" (4:26).

- As die dissipels Jesus op die see na hulle toe sien aangeloop kom, raak hulle beangs. Dan roep die Here uit: "Dit is Ek (*Ego eimi*), moenie bang wees nie" (6:20).

- Vir die Jode sê Jesus: "as julle nie glo dat dit Ek is nie (*Ego eimi*), sal julle in julle sonde sterwe" (Jh 8:24; vgl. ook 8:28).

- Jesus maak Sy komende verraad deur Judas Iskariot aan Sy dissipels bekend en sê dan: "Ek sê dit nou al vir julle voordat dit gebeur, sodat wanneer dit gebeur, julle kan glo dat Ek is" (*Ego eimi*) (Jh 13:19).

- In Jh 18 maak Jesus die aanspraak meer as een keer. In v.5 sê Hy vir die mense wat Hom in hegtenis wil neem: "Dit is Ek!" (*Ego eimi*). Dat ons hierdie uitsprake van die Here Jesus nie oorspan nie, blyk uit v.6: "Toe Jesus dan vir hulle sê: 'Dit is Ek!' (*Ego eimi*) het hulle teruggedeins en op die grond neergeval." Uiteindelik maak die Here ook weer in v.8 dieselfde aanspraak.

- Ook die Here Jesus voltooi meermale in die Johannes-evangelie die "onvoltooide sin" deur 'n predikaat wat op Hom betrekking het by te voeg. So skets Hy vir ons talle fassette van die wonderlike erfenis wat diegene wat deur 'n ware geloof met Hom verenig is, in Hom het.

- "Ek is (*Ego eimi*) ... die brood van die lewe (6:35, 48).

- "Ek is (*Ego eimi*) ... die lig van die wêreld (8:12).

- "Ek is (*Ego eimi*) ... die deur van die skape (10:7, 9).

- Ek is (*Ego eimi*) ... die goeie herder (10:11, 14).

- Ek is (*Ego eimi*) ... die opstanding en die lewe (11:25).

- Ek is (*Ego eimi*) ... die weg en die waarheid en die lewe (14:6).

- Ek is (*Ego eimi*) ... die wingerdstok (15:1, 5).

## Slot

Waarlik, duideliker kon die Here Jesus dit nie gemaak het dat Hy nie net die Seun van God is nie, maar ook God die Seun - dat Hy dus waarlik en ten volle God is.

Ja, as tweede Persoon van die drie-enigheid het Hy Hom aan die Vader onderwerp. En tog is Hy meteen gelykwaardig met die Vader en die Heilige Gees ook waarlik, waarlik, waarlik God.

Verstaan en deurgrond ons dit? Nee, nie eers naastenby nie. Dit bly 'n geheimenis! Maar laat ons dit omhels en van harte glo. Want só openbaar die Drie-enige God dit in Sy ewige en gesagvolle Woord aan ons.

Só verstaan die ware kerk dit deur alle eeue. Laat ons Hom dus, soos vir die Vader en die Heilige Gees, gehoorsaam, dien vertrou en aanbid.

En onthou, Hy is nie bloot meer die nederige Man van Nasaret nie, maar die verheerlikte Koning van die konings en Here van die here, wat as gevormte van die Vader aktief en soewerein die ganse heelal vanaf Sy troon in die hemel regeer.

In die tweede helfte van die eerste eeu het die Apostel Johannes 'n visioen gehad. Luister wat skryf hy onder meer in sy vyfde hoofstuk:

*Toe het ek rondom die troon en die lewende wesens en die ouderlinge 'n groot menigte*

*engele gesien. Daar was duisende der duisende, ja, miljoene der miljoene. Ek het hulle hard hoor uitroep: "Die Lam wat geslag was, is waardig om die mag en rykdom, die wysheid en sterkte, die eer, heerlijkheid en lof te ontvang."*

*Die hele skepping, alles in die hemel en op die aarde en onder die aarde en op die see, ja, alles wat daar is, het ek hoor sê: "Aan Hom wat op die troon sit, en aan die Lam behoort die lof en die eer, die heerlijkheid en die krag, tot in alle ewigheid."*

**Nico van der Walt**

- Nico v/d Walt onderskryf die historiese, internasionale en reformatoriese 1689 Baptistebelydenis, asook die Belydenis van Sola 5, 'n assosiasie van Godgesentreerde evangeliese gelowiges in meer as 'n halfdosyn lande in Afrika suid van die ewenaar.

- Subskripsies, adresveranderings, kansellasies en korrespondensie: Postnet Suite No.148, Privaatsak X1, Northcliff, 2115, Suid-Afrika.

- E: [nico.vanderwalt@reformed.org.za](mailto:nico.vanderwalt@reformed.org.za); Tel. 011 476 2907; 082 848 9396.

- Blogs: [www.e-preke.blogspot.com](http://www.e-preke.blogspot.com) (met skakels na nóg 4 blogs)

- Weekliks word 'n preek/studiestuk soos hierdie wêreldwyd en gratis in Afrikaans en Engels per e-pos gestuur aan mense wat dit persoonlik aangevra het.

- Geen kopiereg. Dupliseer of preek gerus. Of stuur elektronies verder.

- Preekkopnames: E: [info@nunide.org.za](mailto:info@nunide.org.za); T: 012-808 3906